

26 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 138**  
**Fokusgedeelte: Psalm 138:3**

### **Die Here gee nuwe krag!**

Psalm 138 is 'n aangrypende danklied van Dawid. In hierdie kosbare verse besing hy God se genade en trou in 'n tyd van groot nood. Selfs heidense konings word opgeroep om saam met hom in God se oorwinningswerk te jubel. Almal moet die Here prys, want op wonderbare wyse het Hy weer sy reddende mag in die lewe van sy kind geopenbaar.

Dawid bely dat die dag toe hy in benoudheid was en ernstig om hulp gesmeek het, het die Here hom verhoor en hom nuwe krag gegee. Een van ons grootste behoeftes as mens is krag. Dis seker dié gebed of versugting wat die meeste tot God gerig word: O, Here, gee my tog krag! Dis 'n gebed van grysaards, middeljariges, jongmense en selfs kinders. Liggaamlike krag vir my siekte, mankemente en pyn; vir veeleisende werk en buitengewone ondernemings; krag vir hierdie moeë, oorwerkte en swakke liggaam! Maar veral ook vir innerlike krag, soos die Psalmis bely: U het my moedig gemaak met krag in my siel. Innerlike krag en moed dus, geloof, hoop, verwagting, visie, vastigheid en vreugde.

“Moedig gemaak met krag in my siel.” Hoe absoluut nodig het ons juis dít! Elkeen van ons, wie en wat ons ook mag wees. En elke dag en elke oomblik van ons lewe. Sonder dié soort krag kan liggaamlike krag selfs nutteloos wees. Dis dié soort krag wat ons innerlik verander en sterk maak. Dit fortifiseer ons teen die harde aanslae van die lewe. Dit gee krag teen versoekinge en beproewinge. Dit bemoedig en inspireer, selfs onder neerdrukkende omstandighede. Dit hou ons staande en dra ons in tye van geweldige lewensstorms. Dit gee kalmte en vrede te midde van uiterlike onrus. Dis met een woord die krag tot lewensoorwinning!

Dié wonderlike krag kry ons alleen van God. Dis 'n genadegawe van God in Christus deur die Heilige Gees. Christus sê vir Paulus: “My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is” (2 Kor. 12:9). Niemand kan ons dié krag gee nie. Geen medisyne, lewenswyse of filosofie nie. Net God alleen, die bron van alle krag, deur die inwoning van die Heilige Gees in ons hart en lewe.

Is u swak – liggaamlik of geestelik? Dan moet u bid om nuwe krag! God alleen is die bron van alle ware krag vir liggaam en siel. Bid veral om 'n vervulling met die Heilige Gees. Die Here Jesus het immers gesê: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom” (Hand. 1:8).

*Sing: Psalm 18:1, 15 (1936)*

*Ds. CJ Nagel (Nylstroom)*